NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 2
23 Januarie 2025

# Want ek weet op Wie ek vertrou

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**In 1949 is daar in die staat Maine in Amerika 'n dam gebou waarmee hidroëlektrisiteit opgewek sou word. Die Central Maine Power Company het hierdie dam, noord van die Bigelow-bergreeks, nodig gehad om watervloei te beheer sodat die elektriese turbines stroomaf in die Kennebecrivier met die gereguleerde watervloei aan die gang kon bly om konstante hidroëlektrisiteit sonder onderbrekings te kon opwek.**

Ongelukkig vir die inwoners van twee dorpies, Flagstaff en Dead River Plantation, wat in hierdie vallei geleë was, het die massiewe konstruksie van die dam die voortbestaan van hul dorpies in gedrang gebring. Hulle sou almal moes verhuis en hul besighede moes ook skuif of verlore gaan, aangesien hierdie twee dorpies deur die water vanaf die nuwe dam oorstroom sou word om water in die vallei af te herlei na die hidroëlektriese waterskema.

In die maande voordat die dorpies oorstroom sou word, is alle herstelwerk en verbeterings gestaak. Wat was die nut daarvan om jou huis te verf as dit oor 'n paar maande met water oorstroom sou word? Waarom sou enige herstelwerk gedoen word as alles uitgewis sou word? Hul twee dorpies sou van die kaart af verdwyn.

Ons het hier met 'n gebrek aan toekomsverwagting te doen – *waar daar geen geloof en vertroue in die toekoms is nie, is daar geen krag en hoop in die hede nie*. Die huise en besighede het agteruitgegaan en die inwoners se moraal het gedaal. Alles wat bekend was aan hul hele bestaan, sou vir altyd verander – vir baie 'n traumatiese gebeurtenis.

Om jou lewe in iemand se hande oor te gee, moet 'n mens absolute vertroue in hom of haar kan hê. Jy sal dalk nog jou aardse besittings soos jou motor of huis in iemand se sorg plaas – maar jou LEWE? Dit sal jy dalk net doen as jy die persoon en sy vermoëns goed ken en sy beloftes as die waarheid neem.

Paulus het so Iemand geken, wanneer hy sy geloofserfenis aan Timoteus oordra in 2 Timoteus 1. Hy verklaar in vers 12 (AFR1983): *Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.*

Dit is juis die Heilige Gees wat hierdie absolute vertroue in ons harte laat groei. Hy verseker ons nie net van God se teenwoordigheid in ons hele lewe nie. Die Gees maak ook ons oë oop om die beskermende hand van die Here raak te sien.

Hy gee ons vrymoedigheid om in tye van nood en ellende tot God te bid – ons Trooster, wat ons met geestelike krag versterk, sodat ons selfs die sterkste vyand kan oorwin. Hierdie *absolute vertroue* skep 'n toekomsverwagting en hoop – die wete dat die toekoms hanteerbaar sal wees te midde van moeilike omstandighede.

God hou die wêreld én jou bestaan in sy hande. Sy liefde vir ons is altyd daar, en daarom sal Hy my nooit in die steek laat nie. Dit is ons hoop vir die toekoms – 'n hoop buite myself, geanker in God se krag en die liefde van Jesus Christus.

Die NHSV gaan die jaar 2025 tegemoet met hierdie tema van vertroue en hoop – met hierdie hoop praat ek anders oor my toekomsverwagting, *want ek weet op Wie ek vertrou!*

**Mari-lizé Beukes**
**Voorsitter: NHSV Hoofbestuur**

# Lief en leed



Ds Robert van Niekerk



Dr Antionette Janse van Rensburg

- **Ds JR (Robert) van Niekerk** is met met ingang Januarie 2025 aangestel as dosent in die Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur aan die Universiteit van Pretoria.

- **Dr A (Antionette) Janse van Rensburg** is met ingang Januarie 2025 aangestel as dosent in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

- **Mnr Kobus Viljoen** (vroeër administrateur van die NHKA) se operasie is tydelik uitgestel. Ons bid vir hom spoedige herstel toe.

- Die volgende predikante vier vanjaar **ampsjubileums**. (Indien ons iemand uitgelaat het, moet u asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** laat weet.)

  **25-jaar-jubileum**

  - Ds D (Denise) Schmidt – Jeffreysbaai/Port Elizabeth
  - Ds JM (Marthinus) van Staden – Klerksdorp-Doringkruin

  **50-jaar-jubileum**

  - Ds APJ (Dries) Beukes – emeritus
  - Dr PB (Piet) Boshoff – emeritus
  - Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen – emeritus
  - Ds JB (Jan) Schutte – emeritus
  - Ds GJW (Gert) van der Merwe – emeritus
  - Dr JC (Christo) van der Merwe – emeritus
  - Ds J (Jan) van Immerzeel – emeritus

  **60-jaar-jubileum**

  - Ds HN (Hennie) Botha – emeritus
  - Ds LJJ (Leon) Nell – emeritus

  **65-jaar-jubileum**

  - Prof JH (Johan) Koekemoer – emeritus

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Januarie 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (62) (Sinodaal)
  - Vrydag 24 Januarie: Ds HMJ (Marius) Kramer (40) (Krugersdorp-Oos)
  - Saterdag 25 Januarie: Di R (Riaan) Botha (55) (Lydenburg), en A (Annieka) Pottas (31) (Montana)
  - Sondag 26 Januarie: Di BM (Marita) Engelbrecht (53) (Komatipoort), en RL (Richard) van der Westhuizen (60) (Tzaneen)
  - Maandag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (57) (Sundra/Zesfontein)
  - Dinsdag 28 Januarie: Ds S (Sanet) van der Walt (45) (beroepafwagtend)
  - Woensdag 29 Januarie: Prof J (Jaco) Beyers (54) (Centurion-Oos/dosent), di L (Leon) Geel (jr) (35) (Midstream), en H (Heloïse) Herbst (56) (Rietvallei)

# Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 27 Januarie** bereik **vir 7 Februarie** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Neels van Tonder



Prof Johan Koekemoer

- **Ringskommissies** word herinner aan die **Inligting- en Besprekingsvergadering** van **20 Februarie** te Gemeente Pretoria-Oos.

- **Ds CAP (Neels) van Tonder** (emeritus) het 'n beroep na Boksburg (deeltyds) ontvang.

## 65ste ampsjubileum: prof Johan Koekemoer

Dié seldsame voorreg gaan prof Johan Koekemoer te beurt val om op 26 Januarie 2025 sy 65ste ampsjubileum tydens 'n erediens in die kerkgebou van Gemeente Wapadrant te herdenk. Tydens hierdie geleentheid sal prof Johan Buitendag, ook 'n vorige dekaan van die Fakulteit Teologie, die huldiging behartig waarna prof Koekemoer 'n kort bedanking sal doen.

Prof Koekemoer is op 25 November 1959 gelegitimeer en op 23 Januarie 1960 in die Gemeente Turffontein georden waarna hy die gemeentes Bethal (1963), Zuurfontein (1965) en Pretoria-Suid (1972) bedien het. In 1978 is hy as Direkteur van KITAL (Kerklike Instituut vir die toerusting van ampsdraers en lidmate) aangestel. In1987 het hy hoogleraar geword en is in 1992 bevorder tot dekaan van die Teologiese Fakulteit Afd A aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in 2001 emeritaat aanvaar.

Na 'n huwelik van 61 jaar het prof Koekemoer se eggenote, Issie (nèe Symington) hom op 21 November 2021 ontval. Drie seuns is uit die huwelik gebore en hulle is met sewe kleinkinders geseën. Prof Koekemoer is tans 89 jaar oud en geniet nog goeie gesondheid. Hy woon selfstandig en gelukkig in die Ruimtesig-Aftreeoord in Faerie Glen, Pretoria.

Die volledige teks van die huldiging sal na afloop van die geleentheid ***hier*** gelees kan word.

## Vergaderings

- Vrydag 24 Januarie: Beleggingskomitee
- Donderdag 30 Januarie: ADV Dagbestuur

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **19 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr André Ungerer**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** lewer groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium**. **Vyf ouderlinge** van die NHKA is by dié geleentheid ook die ontvangers van die **Diploma in Bediening** wat deur mnr Gustav Janse van Rensburg en ds Bouwer Serfontein oorhandig sal word. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die oggend wil bywoon, moet by mev Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za** – bevestig.

- **Ou Testamentiese Genootskap (OTG):** Die afdeling Ou Testament van die HTK nooi alle belangstellendes hartlik uit om deel te word van die Ou Testamentiese Genootskap, 'n werksgemeenskap binne die NHKA met die oogmerk om die **bestudering van die Ou Testament te bevorder**. Indien u belangstel om deel te word van hierdie groep, skakel gerus vir dr Marina Kok-Pretorius by 076 288 2843 of per e-pos by **marinakok95@gmail.com**. Die vestiging en organisering van die werkgemeenskap sal by die eerskomende opening van die HTK op Woensdag 19 Februarie by Philadelphia plaasvind.

## Werksgeleentheid by die Ouditafdeling

### JUNIOR OUDITKLERK

| | |
|---|---|
| **Organisasie:** | Ouditafdeling van die NHKA (organisasies sonder winsoogmerk) |
| **Ligging:** | East Lynne, Pretoria |
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | 15 Februarie 2025 |

**Vereistes:**

- Matriek.
- Basiese rekeningkundige kennis en/of ervaring.
- Kennis van SAGE One en/of Pastel sal ’n groot aanbeveling wees.
- Moet rekenaarvaardig wees in ten minste Microsoft Office.
- Ten volle tweetalig.
- Beskik oor geldige rybewys.

**Verder moet die kandidaat oor die volgende vaardighede beskik:**

- Pligsgetrou.
- Vermoë om as lid van span te kan funksioneer.
- Goeie kommunikasie en organisasievaardighede.

**Ons Bied:**

- Onderhandelbare vergoedingstruktuur met normale voordele.

**Hoe om aansoek te doen:**

Stuur jou CV en ’n dekbrief na **annelie@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen 15 Februarie 2025 ingedien word. Kontak mev AW Short by 012 322 8885 vir enige navrae.

Sluit aan by ons span en help ons om ’n verskil te maak!

## Kerklike en ander publikasies










- Lees die 16de uitgawe van die **gratis aanlyn publikasie *Lalasini* hier**. In sy redaksionele berig nooi **dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) die lesers uit om ’n glasie te klink op die lewe. Lees ook **mev Tessa Oppermann** se boekgesprek. Vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**.

- Die ***Bybelse Dagboek/Almanak* 2025** is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.




## 'n Gedig

**Gedigte oor tyd en gebeurtenisse**

Vir alles is daar 'n vasgestelde tyd;
daar is 'n tyd vir elke saak onder die hemel:
'n tyd om geboorte te gee en 'n tyd om te sterf;
'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te trek wat geplant is;
'n tyd om 'n lewe te neem en 'n tyd om te genees;
'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou;
'n tyd om te huil en 'n tyd om te lag;
'n tyd om te rou en 'n tyd om te dans;
'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak;
'n tyd om te omhels en 'n tyd om ver te wees van omhelsing;
'n tyd om te soek en 'n tyd om te laat wegraak;
'n tyd om te bewaar en 'n tyd om weg te gooi;
'n tyd om te skeur en 'n tyd om toe te werk;
'n tyd om stil te bly en 'n tyd om te praat;
'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat;
'n tyd van oorlog en 'n tyd van vrede.

**Prediker 3: 1-8 (AFR2020**)

## Fondsinsamelings



- **Terugvoer: *Run-for-a-child*:** Die organiseerders van Plesion 24/24/24 *Run-for-a-child* wil graag almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die projek se sukses, van harte bedank. **Die mikpunt van R240 000 is met R11 000 oortref**. Die hardlopers se knieë, spiere en tone het teen hierdie tyd volkome herstel en elke deelnemer is begeesterd om die 2025-weergawe van die projek aan te pak. Dit was warm, stowwerig en uitputtend, maar die humor, heerlike samesyn en saamwerk vir 'n gemeenskaplike doel, het alles die moeite werd gemaak. Die gelde is verdeel tussen Rata Maatskaplike dienste, die DPS-Pleegsorghuise, TOIBO en die Elbie de Beer-fonds (vir die versorging van volwasse verstandelik gestremde persone). Die oorbetaling van hierdie fondse sal voor die einde van Februarie plaasvind. Ons hoop ons kan weer hierdie jaar op almal se ondersteuning staatmaak. Kyk gerus ***hier*** na hul YouTube-video.


- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

- **Hervormde Tienerskamp:** Kom kamp die naweek van **14-16 Februarie 2025** by Adventure Peaks in Zwavelpoort, Pretoria. Die koste beloop R850 (deposito R250).

  **Rekeningbesonderhede**
  Rekeningnaam: NHGPO
  Instansie: ABSA
  Rekeningnommer: 540580723
  Verwysing: HSK + naam + van


  Stuur bewys van betaling van deposito na **rue@pretoriaoos.com** om jou plek te bespreek.
  **Navrae: Ds Rue Hopley** (079 502 1990).

## Toerusting




## Studentesake

- **Eerstejaarskamp:** Welkom aan alle **2025-Maties**! Kom woon gerus ons aanvangskamp by. Eerstejaar of senior, almal is welkom.
  Datum: **26 tot 28 Januarie 2025**.
  Plek: Jeugkampterrein net buite Stellenbosch, omring deur berge en wingerde. Ons kom 26 Januarie om 14:00 by die kerkgebou byeen.
  **Koste is R350 per persoon**, die kerkraad subsidieer die res van die koste. Kontak ons gerus, en ons stuur dan al die besonderhede: dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za**, 079 495 3239, of Elizabeth Rossouw, by 081 833 7022.



- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

### Dankgebed vir die reën

Liewe Heer, ons dank U vir die milde reën,
U het ons vanuit die hemel ryklik geseën.
Donker wolke het saamgedrom
en uitkoms gebring vir ons land alom.
Groot waterdruppels, soms gepaard met hael,
het landerye en veld uit versengende hitte gehaal.

In nederige dankbaarheid buig ons voor U neer.
Met Psalms, Gesange en gebede,
bring ons aan U al die eer.
U het soos talle male in die verlede,
ook nou ons gebede verhoor in die hede.

Amen.

Ds Fanie Naudé, 18 Januarie 2025

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Prop Iwana Hartmann